



Graad 2

Die inhoud handel oor die tydperk van Jan van Riebeeck se koms tot by die Eerste Britse besetting van die Kaap. Dus 1652 tot 1806.

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. As Afrikanerkind, bewus te maak van sy herkoms en sy volk se verlede.
2. Te lei om trots te wees op wat sy volk bereik het.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet van die volksplanting
 - Weet wie was Jan van Riebeeck en sy monument kan uitken.
 - Weet wat sy 3 bote se name was.
 - Weet wie was die mense wat toe hier gewoon het.
 - Kennis maak met die kleredrag van daardie tyd.
 - Weet met watter speelgoed die kinders gespeel het.
2. Luister na vertellings oor:
 - Die Kasteel – die geboue self, gebruike en gebeure.
 - Kompanjies – waar, waarom en wat van vandag.
 - Lady Ann Barnard – wie sy was en wat haar rol was.
 - Simon van der Stel se verjaardag in Stellenbosch.
3. Die volgende geboue op prente uitken.
 - Die Kasteel.
 - Groot Constantia.
 - Koopmans de Wet - huis.
 - Die Grootte Kerk.
4. Weet van die Vryburgers.
 - Wie was hulle?
 - Waar was hulle plase?
 - Waarom het hulle gaan boer?
 - Hoe het hulle huise gelyk?
5. Bou die Kasteel as aktiwiteit.

C AANBIEDING

1. Die aanbieder moet deeglik voorberei. Inligting omtrent die vereistes is vryelik in boeke of op die internet beskikbaar.
2. Prente is baie belangrik om die beskrywings toe te lig.
3. Die aanbieding is grootliks vertellings en waar moontlik besoeke. Moet dit nie alles gelyk of te veel op 'n keer doen nie. Hierdie kinders se aandagspan is nog nie so lank nie.
4. Indien by spanbyeenkomste aangebied word, doen weekliks 'n kort stukkie soos 'n vervolghaarl, as deel van die dag se program. Indien by 'n kamp of elders, wissel dit af met sang, spele en handwerk.